

14/88

474/86

/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

S J FOURIE JNR APPELLANT

en

DRAKENSBERG KOÖPERASIE BEPERK RESPONDENT

Coram : RABIE Wr.HR, VILJOEN, GROSSKOPF, VIVIER,
ARR et KUMLEBEN, Wr. AR

Verhoordatum : 22 FEBRUARIE 1988

Lewerings-
datum : 18 MAART 1988

U I T S P R A A K

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA	
1274	
BIBLOTEEK	LIBRARY
1988 -03- 18	
REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA	

KUMLEBEN, Wr. AR/.....

KUMLEBEN, Wr. AR

Respondent, applikant in die hof benede, is 'n landboukoöperasie, ingelyf en geregistreer kragtens die Koöperasiewet, 91 van 1981 (waarna ek sal verwys as "die Wet"). Appellant, respondent in die hof benede, is 'n boer van die plaas "Naudeskop-Oost", distrik Bethlehem, en was te alle tersaaklike tye 'n lid van respondent. In 'n bestrede aansoek het die Hof van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling (per Hattingsh R) 'n finale sekwestrasiebevel teen appellant toegestaan. Daarteen teken hy appèl aan, direk na hierdie Hof, sonder om vooraf verlof om te appelleer aan te vra.

Met die aanvang van die appèl het Mnr

Hancke,/.....

Hancke, wat namens respondent die appèl behartig het, in limine aangevoer dat appellant se reg van appèl aan die bepalings van art 20 van die Wet op die Hooggeregshof, 59 van 1959, onderhewig is; dat verloop om te appelleer volgens sub-art (4) daarvan 'n voorvereiste is; en dat hierdie Hof bygevolg nie by magte is om die appèl aan te hoor nie. In antwoord hierop steun Mnr Meyer, namens appellant, op art 150 van die Insolvensiewet, 24 van 1936.

Die tersaaklike dele van die betrokke artikels van hierdie twee wette lui soos volg:

Art 20 van die Wet op die Hooggeregshof

"(1) 'n Appèl teen 'n uitspraak of bevel van die hof van 'n provinsiale of plaaslike afdeling in 'n siviele geding of teen enige uitspraak of bevel van so 'n hof op appèl

gegee, /.....

gegee, word deur die appèl-afdeling verhoor.

- (4) Daar is geen appèl teen 'n uitspraak of bevel van die hof van 'n provinsiale of plaaslike afdeling in 'n siviele geding behalwe -

(b) met verlof van die hof teen die uitspraak of bevel waarvan die appèl aangeteken staan te word of, waar sodanige verlof geweier is, met verlof van die appèl-afdeling.

- (6) Die in hierdie artikel beoogde bevoegdheid om verlof tot appèl te verleen -

.....

(b) is onderworpe aan die bepaling van enige ander wet wat dit uitdruklik beperk of 'n reg van appèl uitdruklik verleen, beperk of uitsluit."

Art 150 van die Insolvensiewet

"(1) Iemand wat homself verongelyk ag deur 'n finale sekwestrasie-order

oif/.....

of deur h order wat h order van voorlopige sekwestrasie vernietig, kan teen daardie order appelleer.

(2) So h appèl moet aangeteken en voortgesit word asof dit h appèl was van h vonnis of order in h siviele geding uitgevaardig deur die hof wat daardie finale order uitgevaardig of daardie voorlopige order vernietig het en alle reëls wat op laasbedoelde appèl van toepassing is, is mutatis mutandis dog behoudens die bepaling van sub-artikel (3), van toepassing op h appèl kragtens hierdie artikel.

(5) Behalwe soos in hierdie artikel bepaal, is daar geen reg van appèl teen enige order uitgereik deur die Hof ingevolge hierdie Wet nie."

Die Insolvensiewet se voorganger, Wet nr 32

van 1916, en die wysigings daarvan, het geen voorsie-

ning vir appèlle teen sekwestrasiebevele gemaak nie.

Die toepaslike hofreëls het ook nie voor 1935 so-
 danige reg verleen nie aangesien, luidens 'n aantal
 beslissings van ons howe, 'n aansoek om sekwestrasie
 nie as 'n siviele saak ("civil suit or action") beskou
 is nie. Voor die wysiging van art 3 van Wet nr 1 van
 1911 deur art 106 van Wet nr 46 van 1935 was die regs-
 posisie, soos weergegee in Service Trade Supplies
(Pty) Ltd v Dasco & Sons (Pty) Ltd 1962(3) SA 424

(T) op 425 C - E, soos volg:

"In Gillingham v Transvaalsche Koelkamers
Beperkt, 1908 T.S. 964, it was held that
 parties to sequestration proceedings were
 not 'parties to a civil suit or action'
 in terms of sec. 39 of the Administration
 of Justice Proclamation, 14 of 1902, with
 the right of appeal in terms of that sec-
 tion. This case was applied to winding-up pro-

ceedings/.....

ceedings in Collier v Redler and Another, 1923 A.D. 640, in which the Court held that a winding-up order was not appealable in terms of sec.104 of the South Africa Act which conferred a right of appeal in 'civil suits'.

Sec.3(c) of Act 1 of 1911, introduced by sec.106 of Act 46 of 1935, provided

'(c) For the purpose of determining the question whether an appeal does or does not lie from any order or judgment of a Judge or court, the words 'civil case' or 'civil suit' or 'civil action' in any law shall, subject to the provisions of para.(b) and subject to the provisions of any law which specially limits the right of appeal in any particular matter, be deemed to include any civil proceedings whatsoever'.

This provision considerably enlarged the range of appealable orders."

(Kyk/.....

(Kyk ook du Plessis en n Ander v Tzerefos
1979(4) SA 819 (O) te 831 A - D en Kalil
v Decotex (Pty) Ltd and Another 1988(1) SA
943 (A) op 963 A - G.

Ondanks hierdie uitbreiding van appèlbe-
voegdhede om onder meer sekwestrasiebevels in te
sluit, het die Insolvensiewet die daaropvolgende jaar
deur art 150(1) ook n reg van appèl teen n finale sek-
westrasiebevel en teen n bevel van tersydestelling van
n voorlopige sekwestrasiebevel geskep. Daar dien egter
op gelet te word dat, hoewel die reeds bestaande reg
van appèl in hierdie twee genoemde gevalle deur art
150(1) bestendig of bevestig word, daardie artikel,
saamgelees met sub-art (5), tot gevolg het dat n reg van
appèl in insolvensie-verrigtinge tot sodanige twee be-
vele beperk word. Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat art

150(1) n reg van appèl teen n sekwestrasiebevel uitdrukklik verleen; en - in die afwesigheid van enige andersluidende bepalings - stilswyend daaronder begrepe n reg van appèl na hierdie Hof.

Mnr Hancke het hierdie uitleg van art 150(1) aanvaar maar het nietemin betoog dat die reg van appèl daarin vervat aan art 20(4) van die Wet op Hooggeregs-hof onderhewig is. Met verwysing na art 150(1) van die Insolvensiewet, en veral na die woorde: "So n appèl moet aangeteken en voortgesit word asof dit n appèl was van n vonnis of order in n siviele geding", het hy aan-gevoer dat die verwysing na die aanteken van n appèl in art 150(2) ook n aansoek om verlof om te appelleer in-

sluit./.....

sluit. Hierdie betoog gaan nie op nie. Die aanteken van 'n appèl is 'n prosesregtelike stap, inderdaad die eerste, wat ter uitoefening van 'n reg van appèl gedoen moet word. Hierdie stap kom ter sprake eers nadat 'n appellant die reg om te appelleer verkry het. Dat verloop om te appelleer nie deel uitmaak van die aanteken van die appèl nie, blyk duidelik uit die bewoording van art 20(4)(b) van die Wet op die Hooggeregshof self. Ek verwys na die woorde "met verloop van die hof waarvan die appèl aangeteken staan te word". (My onderstreping.) Hofreël 5(1) van die Appèlafdeling bevestig ook hierdie uitleg. Daarin word bepaal dat: "Elke appellant in 'n siviele geding wat 'n reg van appèl het, moet kennisgewing van/.....

van appèl by die griffier indien” (My onderstreping.) Dit blyk dus duidelik dat die verwysing na die aanteken en voortsetting van ’n appèl in art 150(2) slaan op wat ’n gedingvoerende party prosesregtelik te doen staan om ’n appèl te laat verhoor.

Mnr Hancke het daarop gewys dat die onderhawige appèl teen ’n uitspraak of bevel van ’n hof van ’n provinsiale afdeling in ’n siviele geding gerig is, en in sy alternatiewe betoog het hy aan die hand gedoen dat die bepalinge van art 20(4) van die Wet op die Hooggeregshof bygevolg daarop van toepassing is. Dié bepalinge stel verloop om te appelleer as ’n vereiste en is, aldus sy betoog, strydig met die bepalinge van art 150(1) van die Insolvensiewet. Vervolgens het hy aangevoer dat die latere wet die vorige wysig/.....

wysig (lex posterior derogat priori) en dus voor-
rang moet geniet. Om hieroor uitsluitel te gee,
indien daar slegs na art 20(4) gekyk word, sou
dit nodig wees om: eerstens, te bepaal of art 20(4)
inderdaad met art 150(1) bots en nie alleen maar
die verleende reg van appèl kwalifiseer nie; en,
tweedens, of die latere wet, wat oor die algemeen
appèlle teen bevele van die Hooggeregshof orden, die
spesiale reg van appèl, wat in art 150(1) verleen is,
enigsins wysig of kwalifiseer; m.a.w., of die ver-
moede grond op die reël generalia specialibus non
derogant nie by die uitleg van die latere wet toege-
pas behoort te word nie. Die antwoord op beide vrae
word egter deur sub-art 20(6) verstrek. Daarin word

uitdruklik/.....

uitdruklik bepaal dat die reg van appèl, wat in art 20(4) verleen word, aan die bepalings van enige ander wet rakende appèlle onderhewig is. In casu behels "die bepalings van enige ander wet" die bepalings van art 150 van die Insolvensiewet.

Die beswaar in limine kan derhalwe nie gehandhaaf word nie.

Appellant het op sy beurt in limine aangevoer dat respondent onbevoeg is om 'n sekwestrasie-aansoek teen een van sy lede te loods.

Die bevoegdheids van respondent word deur die Wet omskryf. Ingevolge art 49(1) daarvan mag respondent "alles doen wat redelikerwyse nodig is

om sy/.....

om sy doelstellings uit te voer” Uit die aard van sekere bepaalde bevoegdhede in hierdie sub-artikel vervat, en met inagneming van die doelstellings van respondent in art 21 uiteengesit, blyk dit duidelik dat respondent ’n vorderingsreg teen ’n lid mag verkry, insluitende die reg om ’n geldskuld te verhaal. (Art 49(1)(u), byvoorbeeld, magtig ’n koöperasie om aan sy lede geld voor te skiet.) Dat respondent so ’n vorderingsreg het en dat hy insgelyks oor die gebruikelike eksekusiemiddels beskik, het Mnr Meyer toegegee. Hy het egter aangevoer dat hierdie gewone middels nie sekwestrasie van ’n lid se boedel insluit nie. Hierdie betoog is onaanvaarbaar. Daar bestaan oorvloedige gesag vir die stelling dat sekwestrasie-verrigtinge/.....

tinge n vorm van eksekusie is. Soos Barry R in

Comerma vs Comerma 1938 TPD 220 op 223 opgemerk het:

"Sequestration proceedings are recognised as a form of execution and if the object of the creditor is to obtain payment the creditor is not at fault in adopting such procedure: see Estate Logie vs Priest (1926, A.D. 312)."

Dit is dus voor die hand liggend dat, waar nodig, die respondent tot hierdie stap mag oorgaan om n geldskuld van een van sy lede in te vorder.

Mnr Meyer het daarop gewys dat die grondslag van n lid se lidmaatskap van n koöperasie kontraktueel van aard is. Rooibokoord Sitrus (Edms.)

Bpk. v Louw's Creek Sitrus Koöperatiewe Maatskappy

Bpk. 1964(3) SA 601 (T) te 605 E - F en Van der

Merwe en Andere v Vrystaat Ko-operasie Bpk.1962(1)

SA 210 (A) op 215 D). Dit is ook so dat in sekere opsigte n koöperasie as agent van sy lede optree en as sulks n vertrouensposisie teenoor hulle beklee

(Farmers' Co-operative Society (Reg.) v Berry 1912 AD

343 op 349 en 350). Hierdie onderlinge verhoudings

- van kontrakterende partye en van prinsipaal en

agent - het tot gevolg, aldus sy betoog, dat die reg

om n sekwestrasiebevel teen n lid aan te vra by im-

plikasie n koöperasie ontnem is. Daar bestaan geen

regverdiging vir so n afleiding nie. Gemelde onder-

linge verhoudings is heeltewel vereenselwigbaar met

dié van skuldeiser en skuldenaar en, soos reeds aan-

gedui, is dit juis hierdie regsverband wat aan res-

pondent die reg verleen om n sekwestrasie-aansoek teen

n lid/.....

h. lid in te stel.

Daar is ook verwys na die bepalings van art 64 van die Wet wat vir die skorsing of uitsetting van lede voorsiening maak. Sub-art (1) daarvan bepaal dat:

"h Lid van h koöperasie wat h bepaling van die koöperasie se statuut herhaaldelik oortree of wat weier om aan so h bepaling te voldoen of om h verpligting na te kom wat die koöperasie hom kragtens hierdie Wet of die statuut opgelê het of wat hy onderneem het om na te kom of wat wangedrag teenoor die koöperasie pleeg, kan -

(a)

(b) by spesiale besluit as lid uit die koöperasie gesit word."

Dit is te betwyfel of h lid se blote on- vermoë om h skuld ten volle te delg op 'n oortreding

of/.....

of weiering neerkom, of andersins n grond vir skorsing of uitsetting daarstel. Hoe dit ook al sy, die betoog dat die bepalings van hierdie sub-artikel die reg om n sekwestrasiebevel aan te vra, verydel, is na my mening onhoudbaar. Soos reeds aangedui, het n aansoek om sekwestrasie betaling, of gedeeltelike betaling, van n skuld ten doel. Daardie doel word nie deur skorsing of beëindiging van lidmaatskap bevorder of bereik nie. Daar kan dus geen sprake wees dat so n reg by implikasie deur die bepalings van art 64 ontnem word nie.

Hierdie betoog in limine slaag ook nie en die meriete van die aansoek moet gevolglik oorweeg en besleg word.

Om in sy aansoek te slaag, moes respondent aantoon dat sekwestrasie tot voordeel van skuldeisers sou strek. Appellant het betoog dat hierdie vereiste

nie bewys is nie. Ek stem nie daarmee saam nie.

Die petisie is op 25 Augustus 1986 beëdig en geteken.

Daarin, en om aan te dui dat sekwestrasie skuldeisers

sou bevoordeel, word, o.m., op die volgende feite

staatgemaak:

(a) Dat die geregsbode, Bethlehem, n openbare veiling van appellant se plaas-voertuie en -implemente vir 27 Augustus 1986 geadverteer het.

(b) Dat appellant van voorneme is om sy bates, insluitende sommige wat op die genoemde veiling verkoop staan te word, aan n beslote koöperasie van die hand te sit en die opbrengs aan sekere skuldeisers te betaal om hulle te probeer tevrede stel.

(c) Dat appellant likwiditeitsprobleme ondervind weens die feit dat hy sy melkery-bedryf moes staak, en dat sy enigste merkbare bron van inkomste die verwagte opbrengs

van h/.....

van 'n koringoes is.

- (d) Dat appellant se skuldias as gevolg van bykomende rente op verskuldigde bedrae daagliks aansienlik toeneem.

In sy beantwoordende beëdigde verklaring

ontken appellant geeneen van hierdie feite nie. In-teendeel erken hy uitdruklik dat die veiling gaan plaasvind, soos beweer word; dat hy wel van voorneme is om sekere bates aan 'n beslote koöperasie te verkoop; dat hy "kontantvloei" probleme ondervind; en dat, op sy eie berekening, sy renteverpligtinge op 'n jaarlikse basis R166 466,78 beloop. Elkeen van hierdie erkennings word egter gevolg deur menige bewerings en stellings wat op die vraag of sekwestrasie in die belang van skuldeisers sou wees geen betrekking het nie./.....

nie. Appellant beweer dat sy probleme aan die onregmatige optrede van respondent teenoor hom te wyte is; dat hy van voorneme is om, sodra hy in staat is om sy boerdery op 'n winsgewende basis te bedryf, sy skuldeisers terug te betaal; en dat hy op 'n moratorium geregtig is. Die algemene strekking van sy antwoord is dat, indien tyd aan hom gegun sou word, hy moontlik of waarskynlik sy skulde sal kan vereffen. So byvoorbeeld, verklaar hy soos volg:

"Indien ek die geleentheid gegun word om sekere van die maatreëls wat op 16 Julie 1986 met die Applikant bespreek is, te implementeer is ek oortuig dat die risiko van nie-betaling van skulde vir krediteure baie minder sal wees as indien my boedel gesekwestreer word en die bates onderhewig gestel word aan gedwonge verkopings."

Sy/.....

Sy skuldeisers deel nie hierdie optimisme nie. Een van die grootste, die Land- en Landboubank, asook drie ander onversekerde skuldeisers, wie se eise gesamentlik R15 838,24 bedra, ondersteun die aansoek. Geen ander skuldeisers het tussenbei getree om die bekragtiging van die voorlopige sekwestrasiebevel te opponeer nie. Op appellant se eie berekening sal daar, indien sy boedel gesekwestreer word, 'n vrye oorskot vir verdeling aan konkurrente skuldeisers wees. Respondent het ongetwyfeld bewys dat sekwestrasie tot hul voordeel sou strek.

Op appèl het appellant sekere verdere verwerpe teen die toestaan van 'n sekwestrasiebevel laat vaar. Hy het ook erken dat sy boedel inderdaad in-

solvent/.....

solvent is en dat respondent oor die vereiste gelikwideerde vordering teen hom beskik. Respondent het dus al die vereistes vir die toestaan van 'n sekwestrasiebevel bewys. Nou is dit so dat die hof 'n diskresie het om in sekere omstandighede sekwestrasie af te wys. Maar waar, soos in die onderhawige geval, die feite klaarblyklik op bevoordeling van skuldeisers dui sal die hof slegs by wyse van hoogste uitsondering sy diskresie teen die aansoekdoener uitoefen. In appellant se beantwoordende verklaring (en weer eens in die betoogpunte voor hierdie Hof) word by herhaling beweer dat respondent mala fide opgetree het, troubreuk gepleeg het en aan gewetenlose gedrag skuldig is. Hoewel appellant hierdie

bewerings/.....

bewerings nie uitdruklik met die hof se genoemde diskresie in verband bring nie, kan hulle andersins nouliks ter sake wees. Die feite regverdig egter geensins hierdie ernstige aantygings nie. Dit is onnodig vir my om in hierdie uitspraak elkeen aan te stip. Laat ek volstaan deur drie voorbeelde daarvan te meld, waarop - soos dit my wil voorkom - appellant veral staatmaak.

Appellant beweer dat respondent ter kwader trou oeslewerings van appellant aan respondent aan die Departement van Landboukrediet nie bekend gemaak het nie. Volgens appellant het dit tot gevolg gehad dat die Departement sy aansoek om 'n verdere produksielening geweier het. Mnr Jongbloed, wat met appel-

lant/.....

lant se besigheidstransaksies met respondent gemoeid was en wat namens respondent die aansoek om sekwestrasie ingestel het, ontken beslis dat hy enigsins nagelaat het om hierdie besonderhede aan die gemelde Departement oor te dra. Ter staving daarvan verwys hy na twee dokumente wat appellant se stelling weerspreek. Die een dokument, Bylae G by sy repliserende beëdigde verklaring, toon aan dat hy aan die voorsitter van die Landboukredietkomitee die omvang en besonderhede van appellant se oeste gedurende die 1984/85 en 1985/86 oesjare verstrek het. Hy verwys ook na die afskrif van 'n brief, Bylae H, gerig aan die gemelde voorsitter (die landdros van Bethlehem) waarin besonderhede van appellant se koringoes van 1985 uiteengesit/.....

eengesit word. In dié verband beweer appellant dat ene mnr Johan Theron, 'n inspekteur by die Departement van Landbou, hom meegedeel het dat die Departement onder die indruk verkeer het dat hy glad nie enige "produksieresultate" gehad het nie. Mnr Theron, in 'n beëdigde verklaring (Bylae I by die repliserende verklaring) ontken ten sterkste dat hy enige sodanige mededeling gemaak het.

Daar bestaan nog minder regverdiging vir 'n verdere beskuldiging van mala fides, naamlik, dat respondent die indruk wou skep dat appellant heimlik en onregmatiglik koring by die Sentraal-Wes (Koöperatief) Beperk ingelewer het in plaas van aan respondent. Respondent maak wel so 'n bewering in die

funderende/.....

funderende beëdigde verklaring, en sit besonder-
hede daarvan uiteen, om aan te toon dat sulke op-
trede deur appellant die respondent en sekere ander
skuldeisers kon benadeel het. Enige benadeling is
egter voorkom deurdat hierdie transaksie reeds voor
uitbetaling tot respondent se kennis gekom het. In
sy beantwoordende verklaring erken appellant dat hy
wel oeste ingelewer het soos beweer word. Dit is
gedoen, aldus sy verduideliking, om te verseker dat
hy in die belang van sy skuldeisers voort kon boer.
Hy voeg egter by dat respondent versuim het om in sy
funderende verklaring te meld dat hy, appellant,
hierdie oeslewerings aan mnr Jongbloed openbaar het.
Hierdie versuim, so moet dan verder afgelei word,

lê/.....

lê ten grondslag van appellant se vermoede dat respondent (Mnr Jongbloed) mala fide opgetree het.

Hierdie gevolgtrekking is geheel en al ongegrond.

Die feit dat die mededeling na die lewering gemaak

is, is geensins van belang of relevant nie. In sy

repliserende verklaring wys Mnr Jongbloed daarop

dat voor die inlewering respondent hom nooit van sy

voorneme verwittig het nie. Voorts verduidelik die

deponent op oortuigende wyse presies hoe die mede-

deling aan hom oorgedra is:

"Daar is by my geen twyfel dat die respondent verkeerd opgetree het deur sy oes by Sentraal Wes in te lewer nie. Die respondent moes seer sekerlik bewus gewees het van die bepalinge van klousule B (b) van bylae B tot sy stukke, en ek is oortuig daarvan dat die respondent hierdie oes daar ingelewer het in die hoop

dat/.....

dat die applikant nie daarvan bewus sou word nie en dat die respondent derhalwe die opbrengs van daardie betrokke inlewering in sy sak kon steek. Ek ontken, vir die redes hierintevore vermeld, dat, indien die applikant sou geweier het om die geld aan die respondent beskikbaar te stel ten einde oeste te vestig, hy so-doende wederregtelik sou opgetree het.

Na my mening is dit ook opvallend dat die respondent weereens in die paragraaf onder beantwoording begaan is oor die belange van sy skuldeisers ten einde hom in staat te stel om wins te maak en sy verpligtinge teenoor die Landbank na te kom, maar dat hy sy verpligtinge teenoor die applikant negeer.

Ek ontken dat die applikant versuim het om die Hof in te lig dat die feit van die oes-inlewering by Sentraal Wes deur die respondent self aan my openbaar is tydens die samesprekings. Ek ontken dat dit die respondent is wat hierdie mededeling gemaak het, en beweer dat dit sy advokaat, advokaat MEYER, was wat dit gedoen het. Ek het, na die mededeling, vir

die/.....

die respondent gevra wat die opbrengs van hierdie inlewering was, waarop sy antwoord was dat hy nie weet nie, aangesien hy nog nie sy tjek daarvoor ontvang het nie. Ek ontken derhalwe die bewering dat hy op daardie stadium reeds die tjek ontvang het. Ek ontken eweneens dat die applikant se optrede om betaling van Sentraal Wes te verkry, wederregtelik is of tot nadeel van die respondent se skuldeisers, en herhaal dat die respondent immer geneig is om te vergeet dat die applikant ook een van sy skuldeisers is."

Ten slotte behandel ek 'n stelling wat appellant in sy aanvullende betoogpunte opper. Appellant verwys daarin na 'n noodhulpskema wat die Land- en Landboubank van Suid-Afrika in werking gestel het om finansiële hulp aan droogte-geteisterde streke te verleen. Die appellant het gekwalifiseer om daarby te baat. Die skema staan onder beheer/.....

beheer van die Koöperasies, en in 'n omsendbrief aan hulle word die werkswyse van die skema verduidelik. Daar word daarop gewys dat die skema ingestel is "vir die verlening van spesiale hulp aan boere wat as gevolg van die toestande in finansiële verleentheid beland het." Maar die skema bevat die voorbehoud dat:

"Elkeen van die betrokke lederekenings moet dan deur die direksies van Koöperasies oorweeg word, en slegs daardie rekenings waar die direksies bereid is om uitstel op meriete te verleen, kan in aanmerking kom vir insluiting onder die 1985 droogtehulpskema."

Met verwysing na hierdie omsendbrief doen appellant aan die hand dat hy op die voordele van hierdie skema geregtig was en dat respondent onregmatiglik

opgetree/.....

opgetree het deur dit nie op hom toe te pas nie.

Hy neem die aangehaalde voorbehoud nie in ag nie.

In antwoord hierop verduidelik Mnr Jongbloed,

namens respondent, dat, aan die hand van samespre-

kings met appellant in die teenwoordigheid van sy

prokureur en advokaat, die respondent sy diskresie

teen sodanige vergunning aan appellant uitgeoefen

het. Daar bestaan geen rede om sy woord in die

verband in twyfel te trek nie.

Uit hoofde van die voorafgaande, en na deeg-

like oorweging van al die ander beweerde onreëlmatig-

hede, is ek van mening: eerstens, dat appellant se

ernstige aantygings teen respondent ongegrond is;

en tweedens, dat die hof benede sy diskresie ten

gunste/.....

gunste van die bekragtiging van die voorlopige
bevel van sekwestrasie behoorlik uitgeoefen het.

Die appèl word bygevolg met koste van
die hand gewys.

Kumleben
KUMLEBEN, Wr. AR

RABIE Wr. HR
VILJOEN, AR)
GROSSKOPF, AR) - Stem saam
VIVIER, AR)